Hoofstuk 1.4

OORLEWING EN VERPLASING
(1898 - 1904)



"Meer dan eenmaal scheen het in de drie jaren, die achter ons liggen, alsof Kerk en School zouden ondergaan door het geweld der stormen die ons dierbaar land teisterden. De Heere heeft ons echter bewaard, en hoe donker de toekomst ook nog moge zijn, het is in vertrouwen op Hem, dat wij het wagen voort te gaan."

- rektor Jan Lion Cachet aan kuratore, 15.9.1902

1.4.1 "De Heere heeft ons bewaard"

In die hierbo aangehaalde paragrafie, vervat in sy rektorsverslag aan die kuratore tydens hul eerste vergadering ná die oorlog, [1] het prof Jan Lion Cachet die oorweldigende drama en trauma wat die oorlog tussen Boer en Brit tydens die vorige eeuwenteling op die Teologiese Skool met die in-sy-boesem-ontluikende universiteit gehad het, vasgevang.

Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 sou nie net die aktiwiteite van die Teologiese Skool met sy Literariese Departement ernstig ontwrig nie, maar sou ook verreikende gevolge hê vir die voortbestaan van die inrigtings. Hierbenewens het die gees en karakter van die Teologiese Skool en die universiteit in wording baie sterk na vore getree uit die houdings en gesindhede van personeel en studente direk voor en tydens die epiese magstryd tussen die magtige Britse Ryk aan die een kant en die Boererepublieke aan die ander kant. Selfs die drastiese stap, na afloop van die oorlog, om die Teologiese Skool na die deur oorlog geteisterde voormalige Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) te verplaas, het ten nouste in verband gestaan met hierdie geweldadige ingryping in die lewe van die Afrikaners.

1.4.2 Afrikanernasionalisme

Sedert die Britse oorname van die Kaap aan die begin van die 19de eeu was die Hollandssprekende bevolking blootgestel aan 'n geleidelike verengelsingsproses. Teen die sewentigerjare van die eeu, toe die nasate van die Voortrekkers, wat onder andere juis as gevolg van die verengelsingsbeleid hul heil in die binneland gaan soek het, nog besig was om vir hulle 'n staatkundige plek onder die Afrikason oop te worstel, het Afrikaners in die Kaapkolonie in toenemende mate die strydbyle begin opneem vir die handhawing van hul taal.

Die vlam van Afrikanernasionalisme is in die Kaapkolonie sterk gestook deur die totstandkoming van die Genootskap vir Regte Afrikaners (GRA) in 1875, die verskyning van die koerantjie *Di Patriot* en die totstandkoming van die Afrikaner Bond as politieke tuiste vir "al wat Afrikaner is", soos ds SJ du Toit dit gestel het. [2] Die epiese magstryd van die Voortrekkernasate in die noordelike Boererepublieke teen die seekatarms van 'n magsdronk Britse imperialisme het nie ongemerk by hul volksgenote in die Suide verbygegaan nie, en het inderdaad in velerlei opsigte juis die harte warmer laat klop. [3] Op politieke gebied was Burgersdorp, en trouens die distrik en parlementêre kiesafdeling wat as Albert bekend gestaan het, baie aktief en die Hollandssprekendes aldaar het 'n inisiërende rol gespeel in die politieke ontwaking van die Afrikaner in die platteland van die Kaapkolonie. Die Boere Beskermings Vereniging (BBV) van die distrik is deur niemand minder nie as JH Hofmeyr, 'n stigter en leier van die Afrikaner Bond, geloof vir sy rol in die bevordering van 'n ware Afrikaner gesindheid. [4]

Die anneksasie van Transvaal in 1877 en die daaropvolgende Eerste Vryheidsoorlog rondom die jaarwending 1880-1881 het ook Afrikaner sentimente in Burgersdorp laat opwel. Tydens 'n geesdriftige openbare byeenkoms aldaar, op 29 Januarie 1881, tree prof Marthinus Postma, pas nog maar 'n halfjaar in die geweste, met groot bekwaamheid op as scriba (sekretaris) en word hy lof toegeswaai "voor zijne … gedurige overbrenging van Hollandsch in Engelsch en Engelsch in Hollandsch tot duidelijkheid". Sy pa, prof Dirk Postma, is weer die persoon wat voorstelle formuleer wat vra vir die herroeping van die anneksasie en die verkryging van 'n heilsame oplossing vir wat hy bestempel as "deze groote ellende, die dreigt tot eene allergrootste ramp, die ooit Z. Afrika trof". [5]

Twee weke later kry die junior Postma die redakteur van die plaaslike koerant ernstig voor stok omdat hy die Transvalers as rebelle en pres. Kruger as "stijfhoofdig en dom" aan lesers voorhou. Hoewel hy hom heelhartig met die beweging vereenselwig het, voel sy pa op sy beurt dat die naam Boere Beskermings Vereniging (BBV) nie net partydig is nie, maar in homself die kiem van revolusie dra. Hoewel sy idealistiese maar tog onrealistiese alternatiewe benaming, "Vereeniging der Burgers tot Algemeen Nut voor Zuid-Afrika", nie inslag gevind het nie, het die Albert BBV tog kort hierna opgegaan in die Afrikaner Bond van ds SJ du Toit. [6]

Prof Dirk Postma, wat vir 21 jaar sedert die stigting daarvan die hart en siel van die Teologiese Skool was, het 'n belangrike rol gespeel in die stryd om erkenning van Hollands as amptelike taal in die Kaapkolonie. Die sukses van hierdie stryd, deur Hollands uiteindelik as parlementstaal erken te kry, is in 1882 feestelik op Burgersdorp gevier. Hier is ruim erkenning gegee aan die rol van Burgersdorp maar ook aan dié van die professore en predikante. [7]

By hierdie swierige geleentheid, op 27 Junie 1882, het Marthinus Postma met kenmerkende bekwaamheid en waardigheid as seremoniemeester opgetree terwyl sy broer en voorganger, ds Petrus Postma, en sy pa Dirk albei as sprekers deel gehad het aan die verrigtinge. Die destyds gebruiklike adresse is aan die Postmas toegeken, waarop die senior "vennoot" in die driemanskap gepas geantwoord en hulle lotsgebondenheid as "Hollandsch Afrikaners" betuig het.

Nee, meer nog: wat hulle kan doen, behalwe om lojaal te wees, vir die sedelike en burgerlike bevordering van die Hollandse Afrikaners, dit sal hulle doen "met een geheel oprecht gemoed en naar ons best vermogen". [8]

In die negentigerjare, na die dood van Postma, was dit sy opvolger as teologiese professor, Jan Lion Cachet, en die jeugdige Stephanus Postma as literariese professor wat as voorvegters vir die taal na vore getree het. Cachet self was mede-stigter van die Afrikaner Bond, 'n leidende figuur in die Eerste Taalbeweging en flukse medewerker van *Di Patriot*. Ras en andere sê hy was te ver van die Kaap om aktief by die GRA betrokke te wees, "maar in sy studeerkamer was sy pen nie stil nie".[9] Hy en sy kollega en hul studente het hulle ten volle vereenselwig met die GRA-leuse "Om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land".

Met sy vaardige pen, met gediggies en hekelskrifte help Cachet om die ideaal te bevorder. Wanneer Cachet in 1894 voltyds tot professor aan die Teologiese Skool benoem word", skryf Van der Vyver, "is hy alreeds 'n erkende kultuurleier, 'n volksfiguur van betekenis. Sy koms kon nie anders nie as om die stempel wat die Teologiese Skool reeds gedra het: diens aan kerk, volk en vaderland, dieper in te graveer." [10]

Ter herdenking van die rol wat die plaaslike gemeenskap in die stryd om gelykberegting van Hollands as amptelike taal in die Kaapkolonie gespeel het, is 'n monument om die sukses van die beweging te gedenk, te Burgersdorp opgerig. By die luisterryke onthulling van hierdie monument, op 17 Januarie 1893, is prof Stephanus Postma saam met sy broer Marthinus weer in die voorste gestoeltes en kry albei van hulle geleentheid om die feesgangers toe te spreek. [11]

Tydens die Eerste Afrikaanse Taalkongres, op 15-16 Januarie 1896 te Paarl gehou, is dosente en studente van die Teologiese Skool goed verteenwoordig en speel hulle 'n nogal prominente rol. [12] Totius beskryf hierdie kontingent later as "'n hele falanks". [13] Dosente Cachet en Stephanus Postma en studente JA du Plessis en W Postma is tesame met oudstudent ds WJ Snyman (Venterstad) en voormalige professor Marthinus Postma (predikant te Middelburg) as afgevaardigdes geregistreer, met laasgenoemde se twee seuns Dirk en Ferdinand as "waarnemers".

Vier van die ses lede van die kommissie wat saam met FS en SJ du Toit die uitgee van 'n eie tydskrif moes ondersoek, was vanuit die Burgersdorpstal: professore Cachet en Stephanus Postma en di. WJ Snyman en Marthinus Postma. Snyman en M Postma is ook op die voortsettingskomitee benoem. Die naam van die nuwe koerantjie, *Ons Klijntji*, was van prof Stephanus Postma afkomstig – en nie van Cachet nie, soos Totius later beweer het. [14]

Professor Cachet het 'n Afrikaanse woordeboek en 'n Afrikaanse taalkunde bepleit en hy en sy kollega Stephanus Postma is saam met ds Snyman en ds SJ du Toit as kommissie benoem om daaraan aandag te gee. Oor die vertaling van die Bybel het die twee professore van uitgangspunt verskil: Cachet, tot 'n mate ondersteun deur Marthinus Postma, het gemeen dat dit van die kerk moes uitgaan en dat die kongres nie daaroor kan besluit nie, terwyl Postma – soos ds SJ du Toit – weer wou hê dat by die volk begin moes



1.4.1

Eerste Afrikaanse Taalkongres te Paarl, Januarie 1896. (1) JD (Japie) du Toit (2) ds WJ Snijman (3) prof JL Cachet (4) ds M Postma (5) prof S Postma en (6) ds SJ du Toit.

word, dat die vertaling nie afhanklik moes wees van kerklike gesag nie. Uiteindelik is 'n voorstel van ds Snyman, dat deur ds SJ du Toit en andere voortgegaan word met die vertaling van die Bybel in Afrikaans tot tyd en wyl dit van kerkweë gedoen kon word, met die teenstemme van prof Cachet, ds M Postma en Willem Postma aanvaar. [15]

Stephanus Postma het op sy beurt as kampvegter vir Afrikaans as taal van die skool na vore getree en 'n voorstel van hom in dier voege is aanvaar, waarin voorsiening gemaak is vir 'n kommissie om ondersoek in te stel na die uitgee van skoolboeke in Afrikaans. By die aanvang van die kongres het hy die onlosmaaklike verbondenheid van volk en taal onderstreep.

Stephanus Postma was inderdaad 'n man van vele tale. Naas sy onderrigtale Hollands en Engels, het hy ook 'n deeglike kennis gehad van Grieks, Hebreeus, Latyn, Aramees en Arabies.[16] Deur sy taalstudie, deel hy die entoesiastiese gehoor mee, "is hy tot di besluit gekom dat waar 'n volk is, is 'n taal. Daar is 'n Afrikaanse volk en 'n Afrikaanse taal ... Dit is ni 'n kwessi of Afrikaans 'n taal **moet** wees ni, dit **is** ons taal … Afrikaans is di taal van ons hart". Ouer stiefbroer Marthinus Postma het 'n soortgelyke sentiment: "Di Afrikaanse nasi is 'n selfstandige volk, en eis di regte van 'n eie taal." [17] Cachet formuleer die slagspreuk "Skryf soos jy praat" en bepleit die uitgee van 'n eie tydskrif.

So word die Burgersdorpers, en veral 'n man soos Cachet, deel van die Eerste Taalbeweging, wat ook bestempel is as "n beweging uit die volk vir die volk".[18]

Studente JA du Plessis, wat weldra eers as assistent en spoedig hierna as professor tot die literariese afdeling van die Teologiese Skool sou toetree, en Willem Postma, wat later as politieke denker die nouste verbintenis met die ontwikkeling van die politieke denkbeelde aan die Teologiese Skool sou hê, ervaar ook hierdie patriotismevoedende samekoms.

Saam met pa Marthinus, vanaf 1880 tot 1889 professor in die Literariese Departement, woon ook die 19-jarige Dirk en die 16-jarige Ferdinand Postma die kongres by. 'n Jeugdige Japie du Toit, seun van taalstryder ds SJ du Toit, deel ook in die opwellende nasionalisme wat van die vermaarde taalvoormanne uitgaan. Enkele weke later sou sowel Ferdinand as Japie hulle as studente te Burgersdorp aanmeld, min wetende hoe ineengestrengel hul paaie in die toekoms aan die Teologiese Skool-cum-Literariese Departement sou loop.

Ferdinand Postma het sy herinneringe aan die Taalkongres baie jare later só verwoord: "Op die vergaderinge het ons studente, wat nog maar jonk was, met groot belangstelling geluister na die vurige pleidooie van die professore en ander vooraanstaandes vir ons Afrikaanse taal. Buite die vergaderinge het, soos dit vanself spreek, ons studente ons eie besprekinge gehad, waaraan veral Japie du Toit 'n baie lewendige aandeel geneem het. Hy was veral die persoon wat ons vir die beweging geïnspireer het .... In sy poginge het hy uitnemend geslaag om ons ook vurige voorstanders te maak van ons eie taal. Dit klink vreemd om so te skryf, maar so was die toestand destyds: Afrikaans is inderdaad as 'kombuistaal' beskou en betitel. Die vuur van sy vader vir ons taal, het in die seun 'n vlam geword en daarom kon hy ook ander aansteek en vuur laat vat." [19]

Na aanleiding van gerugte dat Cachet betrokke was by 'n poging om, onder dekmantel van die stigting van 'n skietkorps, wapens van Duitsland te bekom omdat hy dan kwansuis nie wapens by die eie, Britse regering wou kry waarteen dit later weer gebruik kan word nie, het die andersinds ietwat onsimpatieke plaaslike koerant, die *Albert Times*, 'n nogal nie te ongunstige beeld van Cachet aan sy lewers voorgehou: Cachet is "a scholar of no small repute … enjoys the confidence of President Kruger and in matters political and ecclesiastical his advice is valued not little … he is essentially moderate and law abiding". Maar dit moet begryp word: "As a British subject born and bred on foreign soil it is hardly to be expected that he should be outrageously and obtrusively loyal." En hy sal beslis nie "Rule Brittania" loop en mymer of die "Union Jack" in sy baadjiesak dra nie. [20]

In April 1898, tydens 'n openbare vergadering op die dorp, lewer Cachet skerp kritiek teen Cecil John Rhodes en die geldmag van De Beers terwyl hy die Transvalers se saak in ietwat emosionele taal steun en verdedig. Nou het die *Albert Times*, wat met nie minder nie as ses opskrifte (onder meer "To murder our children", "Blood and tears", "The Cheques of De Beers" en "Opposition to the death") uitvoerig hieroor berig het, in 'n hoofartikel onder opskrif "Another call to arms", 'n ietwat ander deuntjie gesing: sulke uitsprake word nie verwag van persone wie se veronderstelde taak dit is om die boodskap van vrede en goedgesindheid te verkondig nie. Sewe maande later, met Cachet se 60ste-verjaardagvieringe, word hy darem weer bestempel as "a gentleman with whom one can agree to differ on many points and yet respect and admire". [21]

Kort hierna, ongeveer gelyktydig met die kritieke Bloemfontein-konferensie tussen die twee konfronterende partye, lewer Cachet – volgens eie aanspraak een van die vaders van die Afrikaner Bond – 'n toespraak wat enersyds bestempel is as "an excellent patriotic address which made all hearts vibrate with sympathy for the Transvaal". [22] Die

uitsprake tydens hierdie byeenkoms het egter tot in Kimberley weerklink, waar dié stad se koerant dit rapporteer onder die opskrif "Rebel Burghersdorp". Dit word beaam deur die *Albert Times*, wat tevergeefs gevra en gewag het op "some repudiation of the seditious expressions made use of at the meeting". [23] Op versoek van president Paul Kruger lei Cachet einde Augustus 1899 'n bidstond te Pretoria, met die oog op die dreigende oorlog. [24]

Die steeds groeiende Afrikanernasionalisme het van tyd tot tyd ook uiting gevind in optredes en dade binne die georganiseerde studentegeledere. Die Studente LetterkundigeVereniging (gestig 1892), het nie net suiwer letterkundige sake bespreek nie, maar hulle druk besig gehou met sake van die dag, waaronder onvermydelik dan ook politieke en staatkundige aangeleenthede. Só figureer daar op 25 Maart 1898 besprekingstemas soos "De Afrikanerbond in de laatste elektie", "Gelijke rechten voor Hollandsch en Engelsch" en "Paul Kruger, Theunis Steyn, Cecil Rhodes". En op 9 Desember dié jaar, teen die agtergrond van toenemende spanning tussen Brittanje en die Boererepublieke, handel dit oor die vraag, "Bestaat er grond voor Rassehaat?" (die term *ras* slaan hier op Afrikaans- en Engelssprekendes). JP Maré – min wetende wat die komende oorlog vir hom persoonlik sou inhou – behandel die vraag, "Is oorlog voordelig of nadelig?" [25] Ook Korps Veritas Vincet, wat in 1894 beslag gekry en as sy verhewe doel gestel het "om die studentelewe aan die Skool in gereformeerde bane te lei", sou hulle "vir volk en kerk" beywer. Hulle het hulle onder meer veral met die taalkwessie besig gehou en die bevordering van Afrikaans bepleit. Japie du Toit behandel byvoorbeeld die tema "Bijbelvertaling in Afrikaans" en bevind dat dit "wenselik en noodzakelik" is. [26]

In 1898 sien *Het Studentenblad* die lig, met slagspreuk "Zuid Afrika voor de Afrikaners" en JD (Japie) du Toit as redakteur. In sy redaksionele artikels het Du Toit die aandag sterk op moedertaal en volkskap gevestig en met die befaamde Nederlandse gereformeerde Groen van Prinsterer geglo dat nasionale krag in volksgeloof gesetel was. Hy het hom ook sterk beywer vir 'n eie universiteit vir die Afrikaners – maar vreemd genoeg, het hy voorsien dat só 'n universiteit deur die twee republieke daargestel sou word en dat Kaapland se Afrikaners dan daarby sou inskakel. So 'n universiteit sou jong Afrikaners beskerm teen die suurdeeg van Jingoïsme en aan hulle 'n nasionale en, nie te vergete nie, 'n Calvinistiese stempel besorg. [27]

Vroeg in 1899 is dit WJ de Klerk wat die Afrikaner Bond, waarvan hy self op daardie stadium 'n bestuurslid was, aan sy studentemaats in Korps Veritas Vincet bekend stel. Hy formuleer die definisie van 'n "Afrikaner": "Een ieder die of door geboorte, of door aanneming Zuid-Afrika voor de toekomst beschouwdt als **zijn** te huis, en wiens belangen dus één zijn met het land zijner geboorte of aanneming; die gevoelt en toont door zijne daden, dat de belangen van Zuid-Afrika **zijne** belangen zijn". [28]

Terwyl Groot Brittanje en die twee Boererepublieke vinnig besig was om op 'n gewapende konfrontasie af te stuur, was die onderskeie gemeenskappe te Burgersdorp druk besig om kant te kies en geestelik te mobiliseer. Spanning en wantroue tussen die onderskeie groepe was aan die toeneem. In Junie 1899 het die plaaslike koerant sterk kapsie gemaak teen 'n aantal stellinge en uitsprake in die studenteblad, nou onder redakteurskap van Dirk Postma, kleinseun van professor Dirk Postma, wat daarop gemik was om taaltrots en Afrikanerskap te bevorder maar sterk anti-Engels gekleur was. Een so 'n uitspraak het betrekking gehad op die groot jaarlikse sportbyeenkoms ter ere van die Koningin se verjaardag, waarvan gesê is dat 'n Afrikaner "cannot stand and scream for the benefit of the old red nation". In 'n ander geval is voorgehou dat die Engelse steeds die onderdrukkers en nooit vriende sal wees nie. [29]

Van der Vyver vat toestande só saam: "Hier in Burgersdorp se skool is 'God Save the Queen' nie gesing nie; inteendeel, die hart het getrek na die geesgenoot Kruger in die noorde in sy stryd om vryheid en reg." [30]

Uit artikels in *Het Studentenblad* blyk dit dat daar tog 'n mate van verwarring in studentegeledere was oor hoe die skynbaar onafwendbare oorlog benader moes word. Enersyds is gevoel dat die tyd wel sou leer: "De weg van plicht is de weg van roeping. Onze plicht op dit oogenblik is **studeeren** ... Onze gevoel, opgesweept door allerlei, moet dus in toom gehou worden we moeten leeren verstandiglijk te **wachten**. Ongetwijfeld moeilijk, maar meteen een school van levenswijsheid … **Wachten** en **Werken,** ziedaar onze leuze in deze dagen."

Maar dis nie so eenvoudig nie: "Moeten wij eenvoudig stil zitten en onze bloedverwanten laten doodschieten? Voorwaar neen! dat kunnen wij niet!" Maar as Britse onderdane en gebonde aan die wette van "den Onzienlijken Wetgever", mag daar nie aan die stryd deelgeneem word nie. Daar is net een uitweg: beywer vir vrede, beredeneer die saak op vergaderinge en bepaal wie die "verongelijkte" party is. Indien dit Transvaal is – te betwyfel – moet vriende daar aangeraai word om oor te gee. Maar indien Brittanje skuldig is, "moeten wij als Christenen protesteeren tegen zijne handelswijze, tegen een onrechtvaardigen oorlog". Wanneer die oorlog uitbreek, sal dit seker duidelik word welke weg om te volg. Tot dan moet hulle hulle gedra as Britse onderdane "en bovenal zoo-als Gods woord ons leert". [31]



1.4.2

Teologiese Skool Oktober 1899. Voorste ry (van links na regs): JA van der Linde, TN Venter, W Viljoen, DG Kruger, AH du Toit, HB Kruger, APC Duvenage, DJ Kruger, H Snijman. Middelste ry: F Postma, proff PC Snijman, J Lion Cachet en JA du Plessis, WJ de Klerk, D Postma, H Pasch. Agterste ry: JV van den Heever, HJR du Plessis, Nic Venter, DP du Plessis, JB Kruger, TN van der Walt, JH Kruger, J Venter, P Lion Cachet, NH van der Walt, JC Pretorius, J van Rooy, JP Maré, JJM du Plooy, JH de Klerk, JA Kruger, HD Lessing.

1.4.3 Anglo-Boereoorlog (1899-1902)

Voor die einde van 1899 was dit toe só en word die Teologiese Skool "feitelik uitmekaar geruk deur die woedende Anglo-Boere Oorlog", [32] In hierdie stryd, sê Petrus Postma later, "had de Theol. School, juist omdat zij altoos de Afrikaansche beginselen voorgestaan had, veel te verduren". [33]

Pas nadat president Kruger se ultimatum aan Groot Brittanje op 11 Oktober 1899 verstryk het, het die tiental studente wat vanuit die oorlogvoerende republieke afkomstig was, huiswaarts gekeer om hul burgerplig te gaan verrig.[34] Twee dae later word verskoning aangeteken vir agt lede van die Studente Letterkundige Vereniging wat by die stryd betrokke is.[35]

WJ de Klerk, een van die meer senior studente wat in die voorafgaande tyd homself as vurige Afrikaner openbaar het – hy het reeds op 16-jarige ouderdom lid geword van die Afrikaner Bond en was aanvanklik sekretaris en later voorsitter van die Burgersdorpse tak – getuig later só van die gees en karakter van die skool: "Ons wat agtergebly het, het in die gees met hulle saamgegaan." [36]

Die oorblywende studente – almal Kapenaars - het versoek dat die skool gesluit moes word, maar in oorleg met die twee Kaaplandse kuratore het die professore dit goed geag om voort te gaan met die klasse. Toe Vrystaatse kommando's egter op 15 November die dorp beset, het die Teologiese Skool sy deure gesluit. Die twee literariese professore, JA du Plessis en PC Snyman, asook van die studente het, nadat vasgestel is dat die Boeremagte te Bethulie nie daaroor beskik het nie, op eie stoom en met hulp van 'n plaaslike arts, dr Werdmuller, 'n ambulanskorps op die been gebring. Kort hierna kon hulle, na die hewige slag van Stormberg op 10 Desember 1900, waardevolle hulp aan slagoffers verleen. [37]

Drie studente - 'n Vrystater, 'n Transvaler en 'n Kaaplander - het in die oorlog die hoogste tol betaal[38]:

- Die twintigjarige Johannes Abraham Venter van Bethulie, het vroeg in Maart 1900, in die terugtog ná die slag van Stormberg, by die Bethuliebrug oor die Oranjerivier gesneuwel;

- Jan Christoffel Kruger (23) van Burgersdorp en sekretaris van rebellekommandant Piet Steenkamp, het op 6 Junie 1901 op die plaas Ruigtevlei naby Steynsburg in 'n hinderlaag gesterf; en

- Jacob Philip Maré (23) van Middelburg Transvaal, is oorlede op 11 Februarie 1902, nadat hy in Desember 1901 te Elandspruit swaar gewond is. Sy pa was Jacob Maré, voorheen lid van die Uitvoerende Raad van die ZAR.



1.4.3

Gesneuwelde studente en oudstudente. Kloksgewys vanaf links bo: Japie Maré, Jan Kruger, Calman Cachet, Karel Coetzee, Johannes Venter.

Ook twee oudstudente het in die gewapende stryd gesneuwel: Calman Efraim Lion Cachet (ingeskryf 1892), seun van die rektor, en Karel Dawid Coetzee (ingeskryf 1889).

Minstens 'n twaalftal studente wat ook aan die stryd deelgeneem het, is op een of ander stadium gevange geneem en as krygsgevangenes verban. Hieronder tel JH Kruger (Diyatalawekamp, Ceylon), HPJ Pasch (Bermuda) en Dirk Postma (Burtt's Eiland, Bermuda). Die res is skynbaar vir korter of langer tye in Suid-Afrika aangehou. [39]

Dirk en Ferdinand Postma, seuns van ds Marthinus Postma, het hulle ook in die hitte van die stryd bevind en as gevolg daarvan ver draaie gemaak, voordat hulle paaie weer met dié van die Teologiese Skool ineengeloop het. Dirk, die oudste, het hom aangesluit by die Boksburgse kommando, het later veldprediker van genl CF Beyers geword en is einde April 1901 te Soutpansberg gevang en as krygsgevangene na Bermuda gestuur. Daar het hy as onderwyser en as prediker opgetree en steeds met sy studies voortgegaan. [40]

Dirk se jonger broer, Ferdinand, het ook met die uitbreek van die oorlog sy skrede teruggehaas na Johannesburg, waar pa Marthinus predikant was. Op 31 Oktober 1899 lê hy, as voormalige Britse onderdaan, die eed van getrouheid aan die Zuid-Afrikaansche Republiek af en 'n maand later verkry hy stemreg in



V.S R.B.B. 2612/99 R. 15430/99

BRIEVEN VAN VOL STEMRECHT.

In termen van Eerste Volksraadsbesluit, artikel 1442, dato 29 September 1899, worden mits deze, namens de Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek, Brieven van Vol Stemrecht verleend aan

Ferdinand Postma.

geboren te Almal North. K. Kolonie

tot heden Britsch Onderdaan

Pretoria, 28 Nov. 1899

Staatssecretaris.

Staatsprocureur.

Uitgereikt na beëediging op heden den Nov. 1899

door mij

1.4.4

F Postma se aansoek om stemreg, 28 November 1899.



1.4.5

Dirk Postma (1) en mede-krygsgevangenes op Bermuda.



1.4.6

Ferdinand Postma (1) op pad na die oorlogsfront, met familie wat hom kom afsien het.

sy nuwe staat. Hy ervaar die beleg van Ladysmith, die stormloop by Platrand en die slag van Spioenkop, voordat hy weens siekte terugkeer Johannesburg toe. Tekenend van sy karakter en optredes in sy latere akademiese loopbaan, word vertel dat die jong Postma geensins genoeë geneem het met die plundering van private eiendom deur burgers in sy kommando nie. Sy proteste hieroor, komende van 'n jeugdige student, het uiteraard by tye spanning geskep. [41] Met geldelike ondersteuning van die afdeling Studiefonds van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV) gaan sit hy sy studies in Amsterdam voort. [42]

Pa Marthinus, wat hom self in hierdie tyd weens 'n verbanningsbevel van die Britse owerheid in Oos-Londen bevind het, was heftig gekant teen Ferdi se voorneme om in Holland verder te gaan studeer. In 'n emosionele brief het hy sy seun tot ander insigte probeer oorhaal, maar tevergeefs. [43]

Toe die gety teen die Boeremagte begin draai het, veral na genl. Piet Cronjé se vernederende oorgawe te Paardeberg op 27 Februarie 1900 (Majubadag), was die Vrystaatse besettingsmag verplig om die dorp aan die begin van Maart te ontruim. Op 1 April het die Teologiese Skool weer sy werksaamhede hervat, weliswaar met net sewe studente. Dit gaan maar broekskeur en van geldelike bydraes uit die oorlogsgeteisterde republieke is daar nie sprake nie. Die patriotiesgesinde dosente doen vrywilliglik afstand van die helfte van hul salarisse en skenk dit, ná afloop van die oorlog, aan die kerk. Onder die moeilike omstandighede slaag drie studente aan die einde van die jaar hul matriek, een die intermediêre eksamen en verwerf nog een sy BA-graad, met lof. [44]

Vroeg in 1901 groei die studentetal aan tot 18, almal Kapenaars, maar in Februarie gelas die Engelse bevelvoerder op die dorp dat al die studente wat van ander dorpe afkomstig was, binne 24 uur spore moes maak. Slegs vyf bly oor, maar steeds weier die dosente om handdoek in te gooi en gaan die lesings voort.

Op Burgersdorp was onderlinge verhoudinge tussen die pro-Britse regeerders en lojale ondersteuners enersyds en diegene wat met die Boeresaak gesimpatiseer het aan die ander kant, uiters gespanne. Toe republikeinse kommando's die Kaap binnedring en baie simpatiserende burgers van die Noordoos-Kaap by hulle aansluit, het Cachet en ander predikante te velde vir die burgers gaan preek. [45] Hierdie besoeke van die geestelikes het weliswaar die moraal van die burgers ten goede gestrek, maar vir Cachet het dit verreikende gevolge gehad.

Wat beskou kan word as 'n aanslag op die hart van die inrigting vind vroeg in Maart 1901 plaas toe rektor Cachet in hegtenis geneem word. Sy simpatie met die saak van die Boererepublieke, soos vergestalt in sy geestelik versorgende preke aan die vegtende Boerekrygers (o.a. na die slag van Stormberg) en in 'n ontmoeting met Vrystaatse president MT Steyn, sou van die redes wees vir 'n hoogverraadsaak wat teen hom ingebring is.

Die eerbiedwaardige rektor bring ses weke in die plaaslike gevangenis deur en word daarna op borgtog van £3 000 vrygelaat, op voorwaarde dat hy hom óf in Oos-Londen óf in Port Elizabeth sou gaan vestig. Toe dit op stuk van sake kom, het 39 vooraanstaande Burgersdorpers, almal Britse ondersteuners, in 'n petisie aan die owerheid gunstig oor hom getuig en hom dusdoende van die voorgenome ballingskap gevrywaar.[46] Einde Junie is die saak teen hom teruggetrek, weens gebrekkige bewyslewering.

Inderdaad is bewys gelewer dat Cachet nie ten gunste was van die Boere-inval in die Kolonie nie en dat hy ook gekant was teen opkommandering van Kaapse Afrikaners, standpunte wat die mat onder die voete van die hoogverraadaanklaer uitgeruk het.

Ook twee van die Kaaplandse kuratore van die Teologiese Skool, di. LP Vorster en WJ Snyman, sou weens hoogverraad in die hof verskyn, maar is later vrygespreek. Die vurige student Willem de Klerk was op sy beurt blykbaar 'n doring in die vlees van die Engelse sentiment want vroeg in April 1900 beland hy saam met boere uit die distrik in die tronk, op aanklag van hoogverraad. Na byna vier maande is hy op borgtog vrygelaat, met die status van 'n tweedeklasrebel, en kon hy sy teologiese studies voortsit. In September 1901 word hy egter weer in hegtenis geneem en uit die gemeenskap verwyder, deur hom as't ware na Kingwilliamstown te verban en daar vir ses maande in te perk, sonder opgaaf van redes. [47]

Pas ontslae van die swaard van hoogverraad wat oor sy kop gehang het, moet Cachet saam met mededosente Du Plessis en Snyman en die plaaslike NG-predikant sterwensbegeleiding doen vir 'n jong Burgersdorper, Pieter Willem Klopper, wat as Kaapse rebel op 20 Julie 1901 in die openbaar 'n galgdood gesterf het – ten verpligte aanskoue van student De Klerk en sy geesgenote in die dorp. Klopper is gevange geneem toe Britse troepe 'n groep Boere naby Steynsburg oorval het; by dié geleentheid het sy boesemvriend, student Jan Kruger gesneuwel. [48] Kort hierna bereik die nuus Cachet dat sy seun op 13 Augustus 1901 gesterf het. Willem de Klerk onthou: "Een more kom die professor by my in die huis en sê: 'Willem, moenie klas-toe kom nie: Calman is dood; maar beter so, as om te val in die hande van die vyand.' " [49]

Die dramatiese boek van G Jordaan oor die teregstelling van Kaapse Afrikaners, *Hoe zij stierven*, is nie net deur



1.4.7

***Pieter W. Klopper hoor sy doodsvonnis aan. Oor sy teregstelling is só geskryf: "Terwyl die beul besig was om die tou om die Afrikanernek te laat glip, het Prof. Cachet aan die voet van die galg gekniel en 'n vurige en hartroerende gebed gedoen vir die jong Afrikaner."* (PJT de Wet, Eufeesgedenkboek Burgersdorp 1846-1946, p170)**

Cachet geredigeer nie, maar ook aan hom opgedra "ter herinnering aan zijn gevangenschap en de heldedood zijns zoon, met gevoelens van diepe hoogachting". [50] Saam met Ferdinand Postma [51] kan slegs bespiegel word welke invloed hierdie inderdaad skokkende boek op Cachet gehad het.

Ferdinand Postma se studies in Nederland tydens die Anglo-Boereoorlog was van gewigtige betekenis vir soverre dit sy eie loopbaan sowel as die toekomstige ontwikkeling van die Teologiese Skool, maar veral die literariese afdeling daarvan, betref. Dáár, in Amsterdam, kruis sy paaie weer die van oud-Burgersdorpse studentemaat Japie du Toit.

Du Toit het pas voor die uitbreek van die oorlog sy



1.4.8

Twee netjiese kêrels in Amsterdam. Japie (Totius du Toit en Ferdinand Postma.



1.4.9 en 1.4.10

"Afrikaansche Tehuis" of "Boerenhuis" was volgens De Jong "uitsluitend bestemd voor die Afrikaners, welke door den oorlog naar Holland moesten uitwijken", het aan die vermoënde Hollandse Afrikanervriend, Willem Hovy, behoort – dieselfde man in wie se huis die plan vir die stigting van die VHOGG, stigtersliggaam van die Vrije Universiteit, einde 1877 beslag gekry het. Op die foto verskyn die inwoners saam met direktrise Mitze (in die middel) vierde en derde. Postma en Du Toit sit in die voorste ry, vierde en derde van regs. Dáár, op die wal van die Heerengracht, het medestudent Bernard Esser die later beroemde digtersnaam "Totius" aan Du Toit toegeken. Dié Latynse woord "totus, –a, –um", met die genitief "totius" dra die betekenis van "geheel", of "van almal" en dui onmiskenbaar op die feit dat Totius pas tevore aan die Teologiese Skool te Burgersdorp die eretitel gedra het van "onze hoofdichter" en "onze dichter". Die Latynse betekenis is genoem in 'n redaksionele nota in die Afrikaanse Studentebond se tydskrif Die Banier (Die Banier III, Junie 1923 p 3), sonder dat die skrywer blykbaar die herkoms daarvan, vir sover dit Totius betref, besef het. Selfs die biograaf van Totius het nie oor hierdie interessante brokkie inligting en dus die verklaring vir die later so bekende en selfs beroemde skuilnaam van Japie du Toit beskik nie (RC de Jong, "Het 'Afrikaans Tehuis' in Amsterdam, 1900-1902"; JD du Toit, "Professor dr. Ferdinand Postma", in Koers VII(3), p 5; F Postma, Beknopte Woordeboek Latyn-Afrikaans en VE d'Assonville, Dit is Totius, pp 11 en 187).



teologiese studies voltooi en het vir ongeveer twee maande as veldprediker saam met die Boeremagte in die veld deurgebring voordat hy oorreed is om, synde inderdaad 'n Kaapse rebel, eerder sy studies in Nederland te gaan voortsit. In Amsterdam beland hy saam met etlike ander Afrikaners, insluitende Ferdi Postma, in wat bekend gestaan het as die "Afrikaansche Tehuis" of "Boerenhuis", onder bestuur van 'n mevrou Mitze en geleë te Heerengracht 143. [52]

Saam beleef Postma en Du Toit opwindende oomblikke toe die gryse president Kruger, ewe-eens 'n banneling in die vreemde, in Desember 1900 by hul losieshuis besoek aflê en toe die ballinge in September 1901 op hul beurt Kruger se villa in Hilversum opsoek. In Februarie 1901 is hulle, volgens eie beskrywing "bannelingen in Nederland … uit het Zuid-Afrika, dat nog vrij moeten worden", mede-ondertekenaars van 'n kleurryke adres wat met haar huweliksbevestiging aan die Nederlandse vorstin Wilhelmina oorhandig word.

In Postma se nagelate dokumente is daar ook 'n eksemplaar van die groot Nederlandse koerant *"Algemeen Handelsblad",* bevattende die ope brief van hul besturende direkteur Charles Boissevain, aan die Amerikaanse president, waarin hy "this dangerous attack on the rights of defence of invaded nations" skerp veroordeel. [53] Sulke uitsprake, en die reedsgenoemde ervaringe in die land wat by uitstek gereken is as stamland van die Afrikaner, kon nie anders as om die vlam van Afrikanernasionalisme verder aan te blaas nie.

Vir sover dit die toekoms van die Teologiese Skool en veral die Literariese Departement betref, is die twee boesemvriende se gedagtes malende oor die toestande in verre Suider-Afrika. Totius skryf later só hieroor: "As ons dan saans langs die stille gragte gewandel het, het die gesprek maar altyd weer oor die benarde toestand van ons volk gegaan. Ons het nie gemurmereer of geklaag nie, maar telkens die vraag bespreek wat gedoen moet word om ons volk in die toekoms weer op te hef. Al redenerend kom ons toe tot die gevolgtrekking, dat Christelike höer onderwys 'n magtige faktor sal wees, om ons volk weer op die regte spoor te bring. Die Vrye Universiteit het ons proefondervindelik voor oë gestel wat 'n hoërskool vir die volkslewe beteken …" [54]

Postma roep op sy beurt hul kontak só in herinnering: "Vir bykans ses maande het hy ondergetekende bearbei om tog maar liewer die studie van die klassieke tale [eerder as teologie, wat sy mikpunt was – PFvdS] op te neem. Dit het hy gedoen met die oog op die Teologiese Skool. Ons albei was diep onder die indruk van wat deur die Vrye Universiteit onder die eminente leiding van die beroemde dr A. Kuyper in Nederland gepresteer het as Christelike Universiteit. Onder die invloed daarvan het die gedagte posgevat dat deur die Geref. Kerk so 'n stigting ook in Suid-Afrika tot stand moet kom. Die nucleus was aanwesig in die literariese afdeling van die Teologiese Skool. So is daar in Amsterdam geïdealiseer en met die oog daarop kon hy nie rus nie voordat ondergetekende finaal besluit het om in die klassieke tale onder die bekwame leiding van prof. dr. Jan Woltjer, van Europese vermaardheid, verder te studeer." [55]

'n Eietydse dokument van Postma gee 'n ietwat ander verklaring vir hierdie destydse koersverandering ten opsigte van studierigting. In Julie 1901 het hy naamlik vir prof JW Pont, as voorsitter van die NZAV, in kennis gestel dat hy "op zeer sterk aanraden van mijn familie in Z. Afrika" besluit het om na die studie van die Oude Letteren oor te slaan. [56] Geen bevestiging hiervan kon opgespoor word nie en dit kan wees dat Postma dit bloot maar genoem het om gewig te verleen aan sy voorgenome kursusverandering – hy sou beslis nie kon sê dat dit op aandrang van sy vriend Du Toit was nie!

Prof Pont, wat vir baie jare lank as voorsitter van die NZAV ten nouste gemoeid was met die studie van Afrikaners in Nederland, het hom in 1937 herinner hoedat hy destyds met Du Toit en sy vriend Ferdinand Postma gaan kennis maak het. Die aanknopingspunt vir die geselskap was die worsteling van die Afrikaners en hulle dreigende ineenstorting. "Lang bewaard ik een herinnering aan dit bezoek en aan deze beide jonge mannen, die vast in de toekomst van hun volk geloofden en het morgenrood reeds zagen lichten." [57]

In April 1903 het Japie du Toit sy doktorale eksamens in teologie met lof geslaag – die eerste Suid-Afrikaner om 'n doktorsgraad aan die VU te behaal. Einde 1903 het ook Ferdinand Postma sy kandidaatseksamen in die Klassieke Lettere met sukses afgelê. Spoedig na verwerwing van hul kwalifikasies het die twee boesemvriende hul skredes terug gewend na hul vaderland, waar hulle, soos Du Toit dit in 1900 tydens sy aansoek om finansiële steun by die NZAV gestel het, hul kragte "aan Afrika's heil en vooruitgang" sou wy. [58]

1.4.4 Heropbou … en "een blijvende man?"

Teen die agtergrond van al hierdie trauma en drama, en te midde van 'n verskeurde gemeenskap, moes ook die Teologiese Skool met sy dosente en studente die verwronge drade na afloop van die oorlog weer ontrafel.

Die na-oorlogse geestelike en geldelike nood, waaronder veral die Afrikaners in die noordelike state gebuk gegaan het, is ook tot 'n mate te Burgersdorp

aan die lyf ervaar. Daar is egter nie in sak en as gesit nie, maar daadwerklike pogings is aangewend om dinge weer te normaliseer. Van der Vyver stel dit mooi: "Kerkverband, professore, kuratore, studente, ja almal, begin weer drome droom en gesigte sien." Van studentekant is daar groot ywer vir die heropbouproses en hierdie "Christelik-nasionale patriotte" het veral klem gelê op die handhawing van die Afrikaanse taal, die bevordering van kennis van die geskiedenis en die behoud van Afrikanerskap. [59]

Ten spyte van finansiële nood tydens en ná afloop van die oorlog, het die ondersteunerskorps met skenkings en rentevrye lenings verseker dat die Teologiese Skool spoedig na die oorlog weer volstoom sy roeping kon vervul. Vanuit sy selfopgelegde ballingskap in Europa stuur gewese staatspresident Paul Kruger 'n ruim bedrag van £750, as klein bewys van belangstelling en met die bede dat die Here die vruggebruik daarvan sal seën. Dit kon na goeddunke ter bevordering en ondersteuning van die belange van die Teologiese Skool aangewend word. [60]

Die piepklein biblioteek groei geleidelik, onder andere deur 'n milde skenking van Cachet self; student Japie du Toit, besig met sy doktorsgraadstudie aan die Vrye Universiteit, kry opdrag om £30 se natuurwetenskap instrumente aan te koop – 'n opdrag wat kort hierna oorgedra word aan medestudent Ferdinand Postma, toe dié 'n aanstelling aan die Teologiese Skool kry. En die kuratore is dit met die professore eens dat die Literariese Departement daadwerklik uitgebou moes word. [61]

Soos voor en tydens die Anglo-Boereoorlog, ken die Nederlandse steun en simpatie vir die Boeresaak feitlik geen perke nie. Die nood van die tingerige inrigting te Burgersdorp ontglip nie die aandag nie en die Christelike Nationale Boerencomitee borg die instrumente wat so broodnodig is vir wetenskaplike opleiding. [62]

Die gees en atmosfeer in studentegeledere te Burgersdorp word weerspieël in die studente-aktiwiteite. Die Studente Letterkundige Vereniging, as omvattende studenteliggaam, hervat reeds in Julie 1902 sy werksaamhede. En van prof JA du Plessis kom daar 'n brief ter aanmoediging en opskerping: "Maakt goed gebruik van uwe vergaderingen – verbant alle halfheid en slordig werk. Laat uwe werkzaamheden gekenmerkt wezen door degelijkheid en goede orde. Ge treurt ook dezen avond over het verlies van dierbare mede-studenten ... Laat hun lijden en hun dood voor u een spoorslag zijn om getrouw te zijn aan uwe roeping en plicht." [63]

Daar word ook met medestudent Ferdinand Postma in Holland gekorrespondeer, byna asof met profetiese versiendheid: "Wij wenschen u voorspoed en zegen toe op uwe studien in 't verre noorden, en hopen dat gij **daar** voorbereid moogt worden om later **hier** te arbeiden tot zegen voor Land en Volk, maar bovenal tot zegen van onze Kerk en School." [64]

Die oorlog het ook die studentegeledere geruk, soos blyk uit dieselfde skrywe aan Postma: "We gevoelen den slag, maar door Gods Genade zijn wij nog staande gebleven, en troosten wij ons met de gedachte, dat bloed nooit te vergeefs gestort en lijden verduurt worden. Wij willen trachten met Gods hulp en zegen uit de puinhopen en ruinen weder het gebouw te doen verrijzen, en verheugen ons reeds dat de school begint te bloeien." [65]

Baie opvallend in die na-oorlogse heropbouproses van die Teologiese Skool is die versoek van die drie professore, in September 1902, dat individuele skenkings van vriende en gereelde bydraes van begunstigers (donateurs) vir spesifiek die Literariese Departement gevind behoort te word. Sodanige begunstigdes sou dan die reg hê om kuratore te benoem wat dan saam met die kuratore van die Teologiese Skool in belang van die Literariese Departement kon optree. [66]

Hierdie versoek, wat die goedkeuring van die kuratore weggedra het, is 'n simptoom van die groeiende status en die behoefte aan 'n breër basis van hierdie afdeling – soos dan ook onomwonde deur die professore uitgespel is in die teks van die brief waarvan gedeeltes hier onder weergegee word:

"Zonder om voor een oogenblik het werk van het Theologisch Departement te onderschatten en zyn invloed op het kerkelyk en het nationaal leven te miskennen, zoo meenen wy het toch als onwederlegbaar te mogen stellen dat het meer byzonder het Literarische Departement was dat in deze richting werkte en werken kon. Hier toch was steeds de kring breeder. En van hier uit ging het groote deel der studenten dadelyk het leven in zonder eerst door het Theol. Departement heen te gaan.

"Ook de vorming van den geest der studenten is hoofdzakelyk toevertrouwd aan de Propaedeutische opleiding.

"Daarom is het noodzakelyk dat het Literarische Departement niet alleen onderhouden, maar ook bestendigd en versterkt worde. Dat de Kerk voor deze zaak in het verleden veel opgeofferd heeft, en nu nog veel doet, moet met dankbaarheid erkend worden.

"Doch geoordeeld van de treurige omstandigheden waarin de Kerk thans verkeert, zien wy ons verplicht om te rekenen met het feit dat de Kerk niet meer dien

financieelen steun kan geven waartoe zy wel vroeger in staat was.

"Daarom achten wy den tyd gekomen dat de Kerk in dezen tegemoet gekomen worde." [67]

Dit is ietwat vreemd dat beide die literariese professore kort hierna hul poste ontruim en tot die bediening toegetree het. Sou hulle dan gewanhoop het oor die toekoms van die Literariese Departement waarvoor hulle so pas daardie sterk pleidooi gelewer het, of was die roepstem om tot die kerklike bediening toe te tree, te sterk?

Personeelgewys het die Teologiese Skool hom dus kort ná die oorlog in 'n ernstige krisis bevind of, soos dit in 'n hoofartikel in die studenteblad [68] voorgehou is, "op losse schroeven" gefunksioneer. Snijman het reeds in Februarie 1903 sy bedanking ingedien terwyl die kuratore "met innige smart" in Desember 1903 verneem het dat ook JA du Plessis hom tot die kansel begeef het. Dirk Postma het aanvanklik as tydelike assistent in Snijman se plek waargeneem voordat hy in Desember 1903 in die plek van Du Plessis as literariese professor benoem is. [69]

In Junie 1903, nog studerende in Amsterdam, word Ferdinand Postma deur die kuratore benoem om vanaf Februarie 1904 Snijman se skoene in die Literariese Departement vol te staan. [70] Van studentekant is bekommerd gewys op die geweldige styging in die eise vir eksamens, veral in die letterkundige en wiskundige vakke, en dat 'n bekwame vakman nodig was. Maar daar was darem 'n ligstraal en met blydskap is verneem dat Postma sy benoeming aanvaar het. "Ons hartewensch", sê die studenteblad, "is dat hij slagen zal in zijn Candidaats, en dat wij spoedig van zijne leiding zullen profiteeren. Dat wij toch in hem een blijvende man mogen hebben!". [71]

Tyd, en die geskiedenis, sou uitwys hoedat hierdie versugting waar geword het - en wat die impak daarvan sou wees. Hy was inderdaad die regte man, op die regte tyd.

Vroeg in Desember 1903 hou Korps Veritas Vincet, ten tye van sy eerste jaarvergadering na die oorlog, konferensie saam met die kuratore – 'n tradisionele gebruik wat in onbruik verval het maar nou van studentekant weer laat herleef is. Die tema vir bespreking was die wenslikheid van 'n Christelike Gymnasium, [72] waarskynlik net bedoel vir middelbare onderwys, op model van die Staatsgimnasium te Pretoria.

Eerste aan die woord was ds Petrus Postma, wat daarop gewys het dat die "Letterkundige Inrichting" aan die Teologiese Skool reeds in daardie behoefte voorsien: "Laten wij eerst al onze krachten inspannen om deze Inrichting een behoorlijke Gymnasium te maken en uit te breiden." Literariese professor JA du Plessis, wat pas sy bedanking as sulks ingedien het, het voorsien dat die letterkundige en teologiese elemente uiteindelik van mekaar geskei sou moes word. Vir nasionale voortbestaan van die volk was dit nodig om eie skole op te rig: "Zijn wij dan zoo vreeslijk arm dat wij dit niet kunnen doen? Zullen wij Holland ten achteren staan waar menigeen zijn laatsten penning storten om de goede zaak te bevorderen?"

Op sy beurt het ds Willem Postma die onderwyskwessie behandel en daarop gewys dat al die ideale en strewes met onderwys bereik kan word as die kerk in beheer is daarvan, en nie die staat nie. Die situasie in Engeland en Holland toon dat dit nie onmoontlik is nie.

Vry onderwys, heeltemal los van die staat se gesag, is ook steeds die roepstem van ds. Marthinus Postma. En hy herinner die studente daaraan: "In onze isolement ligt onze kracht."

H Pasch, die enigste student wat aan die diskussie deelgeneem het, het gevoel dat die Christelike onderwys aan die Teologiese Skool uitstekend was en dat hierdie instelling 'n sterk element in Suid-Afrika moes word.

'n Ietwat met hoofpyn geïrriteerde rektor Cachet het kort gevat en op beginselvastheid klem gelê: "Men moet meenen wat men zegt en al die praatjies staken … Men moet eerst de wil van het volk buigen want zij kunnen wel maar willen niet de scholen behoorlijk ondersteunen". Die herinneringe aan die oorlog het nog vlak gelê en hy wou gevolglik in sy bedanking aan die einde van die konferensie nie veel sê nie want hy was bang "dat hij zal bitter worden als hij te diep in de zake indrong". Daar was egter dankbaarheid vir die samekoms, veral waar so baie wat teenwoordig is, in ballingskap of prisoniers was en gely het. Sy persoonlike leed en verlies slaan ook deur as hy wys op die leë plekke wat nooit gevul kan word nie, "doch zij mochten sterven voor hun dierbaar land en volk".

Hierdie byeenkoms het ongetwyfeld gehelp om die moreel van kuratore, dosente en studente vir die aanpak van die onsekere toekoms aan te wakker.

Met 'n studental van slegs 17 vroeg in 1904 (drie vir teologie, een literêr, vyf matriek en agt junior matriek) is ouers sterk deur die studentemondstuk gekritiseer omdat hulle hul kinders elders heen stuur. Ook word uiting gegee aan die ontredderde posisie waarin die

skool verkeer deur die hoop uit te spreek dat die onsekerheid oor die skool se toekomstige bestemming opgeklaar sal word.

Maar daarmee saam moet die verwisseling van professore 'n end kry. Daar is tog hoop: "Met eene meerdere bezieling treedt thans onzen nieuwe prof F Postma L.H.C. [Litterarum Humaniorum Candidatus] voor de dag. Zijn moed en ijver waarmede hij het werk begon, hebben reeds de studenten met bewondering bezield ... Wij zien in onzen nieuwen prof den rechten man voor onze school in de toekomst." [73]

Die lofprysing gaan verder, in 'n "fluistering" van 'n student: "Ik wensch wel een Latijnsch gedicht als onze prof te kunnen lezen, er is zooveel muziek zooveel harmonie in." En is daar die optimistiese vooruitsigte of verwagtinge dat die vakke Latyn en Grieks, "de bergen van onoverkomelijke moeilijkheden, waartegen ieder student, die vroeger naar school kwam, vechten moest, nu alle vreeslijkheid verliezen zullen en met lust en vlijt bestudeerd worden". [74]

Op 3 April 1904 word 'n heuglike gebeurtenis beleef toe ds Marthinus Postma, vroeëre **professor literarum**, twee van sy seuns, Dirk en Ferdinand, as professore in die immergroeiende Literariese Departement van die Teologiese Skool kon bevestig. In sy redevoering lewer Dirk Postma 'n sterk pleidooi vir Christelik-nasionale onderwys en maak o.a. die gevolgtrekking: "Gelijk Christ. onderwijs ons redden zal van geestelijken ondergang, zoo zal Nationaal onderwijs ons redden van nationalen ondergang."

Ferdinand Postma se "zeer goed doorwerkte" intreerede [75] handel oor die oorsprong van taal, die geweldige mag van die woord en die primêre plek wat taalbeoefening in die wetenskappe behoort in te neem. Hy steun sterk op uitsprake van professore Herman Bavinck en Jan Woltjer en maak ook ruimskoots gebruik van Bybeltekste. Verskeie heersende teorieë oor die oorsprong van taal word deur hom as onhoudbaar uitgewys, waarna hy self taal definieer as "de adelbrief des menschen, en het bewijs en zegel zijner rede, van zijn logos. Zij rust ten slotte in den eenen Logos, die geest en stof, ziel en lichaam, subject en object, en alzoo ook gedachte en taal, begrip en woord, in verband met elkander schiep." Hy lê sterk klem op taal as 'n gawe van God en maak gebruik van aanhalings uit Bilderdijk en Homerus, wat in majesteit glad nie kan vergelyk met die verhewe Skrifwoorde: "En God zeide: daar zijn licht en daar werd licht. Hij spreekt en het is er, Hij gebiedt en het staat er." Dit is die absolute, die goddelike, die oorspronklike mag van die woord, getuig Postma.

Verwysende onder meer na die Franse Revolusie met sy slagkrete van vryheid, gelykheid en broederskap as voorbeeld van "wat het woord van een mensch op deze aard kan uitrichten", striem hy die opleiding van Afrikaners aan goewerments- oftewel Engelse skole "waar de Hollandsche taal veracht wordt", waardeur nie net kinders se denke beïnvloed word nie, maar wat ook tot onnasionale handelinge lei. En Postma gee 'n sterk boodskap deur: "Wanneer alles u ontnomen wordt, maar gij behoudt uw taal en klemt u daaraan vast, dan zijt ge eigenlijk nog niet overwonnen, maar hebt een machtig wapen om weer te overwinnen."

En hy lê sterk klem op taal as 'n gawe van God. In die loop van sy rede lê hy as grondbeginsel vir die Christelike wetenskapsbeoefening vas die woorde van Psalm 36 vs 10, nl. "In Uw licht zien we het licht". [76] Onbewustelik en by voorbaat het Postma hier en hiermee – byna twee dekades voor die amptelike aanvaarding daarvan – die unieke leuse verskaf waarop die latere Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verder uitgebou sou word: 'n leuse wat terselfdertyd ook die karakter en missie van hierdie inrigting vir



1.4.11

Ferdinand en Dirk Postma in Nederland, pas nadat Dirk vanuit sy ballingskap in Bermuda teruggekeer het. Kort nadat hierdie foto geneem is, het albei as literariese professore te Burgersdorp diens aanvaar, en is hulle deur hul pa, ds Marthinus Postma, in hulle ampte bevestig.

hoër onderwys versinnebeeld en wat, te midde en ten spyte van verguising en smaad, steeds gehandhaaf word.

Ferdinand Postma bedank ook die kuratore van harte vir die groot vertroue in hom gestel, "vooral waar deze plaatsgreep terwijl ik mij nog ver van hier verwijderd in het Noorden bevond". Hy sou nie maklik sy studies om ander redes onderbreek nie, "doch na uwe benoeming werd het mij na ernstig overleg duidelijk dat alzoo de weg des Heeren was". [77] En hy begroet die studente met die "schoone woorden" van die beroemde Nederlandse digter Willem Bilderdijk: [78]
"In 't voorleden / Ligt 't heden / in het nu wat worden zal."

Diep, baie diep en onuitwisbaar lê die droewige verlede waaruit die hede geword het. Met dit as agtergrond wek hy die studente op om hulle voor te berei vir die toekoms, om die strydperk tegemoet te tree nie met die swaard nie, maar met die Woord. Hy haal 'n uitspraak van Bavinck aan: "Uw voornaamste kracht zal liggen in het woord, het woord, M.H., zal tegelijk uw zwaard en uw schild zijn, wapen van aanval en verdediging." Hy spel dit dan onomwonde aan sy studentetoehoorders uit: "Door het woord zult gij uw volk dienen, uw dure roeping ten opzichte van het 'voorleden' in de toekomst vervullen, Kerk en Maatschappij, Land en Volk ten zegen kunnen zijn." [79]

Die vreugde was egter van korte duur – soos ook die Postma broers se venootskap as literariese professore. Toe Dirk Postma, pas na sy inhuldiging, 'n beroep as leraar na Krugersdorp ontvang, [80] was daar merkbare verwarring in studentegeledere. Ter wille van die saak is hulle verheug, "maar hoopt nochtans, dat hij met biddend opzien tot den Koning der Kerke en met 't oog op de belangen onzer school, een weg moge vinden om te besluiten te blijven aan de school". [81] Maar dit was tevergeefs: ongeveer drie maande later is daar 'n kort nuusitempie in die blad: "Treurig heeft ons het bericht gestemd dat Professor D. Postma ons ook gaat verlaten ..." [82]

Teen die agtergrond van die al hoe groter behoefte van die Literariese Departement het die sinode van 1904 gepoog om die pendulum weer effens terug te swaai. Die omskrywing van die Teologiese Skool in die kerk se "wetboek", die *Sinodale Bepalinge*, is naamlik gewysig om soos volg te lui: "Die Gereformeerde Kerk heeft eene eigene opleidingsschool, hoofdzakelijk bestemd voor de beoefening der Theologie met hare voorbereidende vakken en meer bizonder met het oog op de Bediening des Woords in de Gereformeerde Kerk in Z.-Afrika." [83]

Onmiskenbaar deel van 'n poging om die status van die Teologiese Skool bo alle twyfel te stel, word hieraan toegevoeg: "Zoolang ons land in gebreke blijft van Gereformeerde Gymnasia, kunnen ook andere vakken onderwezen worden, naar krachten en middelen toelaten." [84] Die implisiete boodskap word deurgegee dat dit primêr om teologiese opleiding gaan en dat die res afhanklik is van finansies en personeel.

Verskeie beskrywingspunte voor die sinode het gevra vir die aanstelling van 'n tweede professor in teologie, wat ongetwyfeld die teologiese been van die inrigting baie sou versterk. Met verwysing na die heersende finansiële omstandighede is besluit dat die saak eers daar gelaat sou word. [85]

Die streng kerklik-Gereformeerde karakter van die Teologiese Skool is tydens die 1904-sinode herbevestig. In lyn met die bepaling dat alle onderwys volgens "Gereformeerde beginsel" moes geskied, het 'n kommissie aanbeveel dat professore persone van Gereformeerde belydenis en lede van die Gereformeerde Kerk moes wees – daarmee bedoelende ook die Gereformeerde kerke van Nederland en die Christelike Gereformeerde Kerk van Noord-Amerika. Op voorstel van ds LP Vorster, predikant te Burgersdorp, is dit gewysig om ook "een door ons erkende" Gereformeerde kerke in te sluit. Hoewel moontlik bloot van akademiese belang, is dit tog ook opvallend dat die sinode nie trek gehad het vir 'n verwysing na die Teologiese Skool as "eene Kerkschool" nie en dit uit die statute geskrap het. [86]

'n Poging om, onder andere met die oog op die nie-teologiese opleiding, die samestelling van die Kuratorium 'n bietjie "oper" te maak deur nie noodwendig predikante nie maar ook gewone lede van die kerk, "bekwame personen", as lede te hê, het nie geslaag nie. [87]

Die selfstandigheid van die Teologiese Skool is ook, met verwysing na die vyftigjarige jubileum van die Teologiese Skool te Kampen, pertinent beklemtoon. "Onze vader Postma" het dit as 'n genadegawe van God beskou dat hy kon help om die Kampen-skool tot stand te bring en die groot beginsel wat by die Kampen-stigting gegeld het, was ook syne, naamlik "dat de kerk eene school behoort te hebben die, met uitsluiting van alle anderen, aan haar onderworpen is. Dit beginsel is het ware, en al moge zoodanige school den weidschen naam van 'Universiteit' niet kunnen dragen, het heil der kerk zal op die wijze beter behartigd worden." [88]

Gesien teen die agtergrond van argumente wat pas tevore in die beslissende debat oor die bestemming van die Teologiese Skool gevoer is, dui hierdie uitspraak ook op die opbou van interne spanning oor die toekomstige status van die Teologiese Skool met

die immergroeiende Literariese Departement in sy boesem.

1.4.5 Verplasing

Die moontlikheid en wenslikheid van die verplasing van die Teologiese Skool, wat reeds in die vroeë negentigerjare sterk na vore getree het, maar deur die uitgerekte en uitmergelende oorlog tydelik op die agtergrond geskuif is, het spoedig na die normalisering van sake weer na vore begin tree.

Op die ou einde was dit toe nie na Steynsburg nie, maar na Potchefstroom in Transvaal waarheen die verskuiwing sou plaasvind. Hierdie verplasing van die Teologiese Skool na Potchefstroom aan die begin van 1905 was 'n ingrypende gebeurtenis in die geskiedenis van die skool en van die ontwikkelende Literariese Departement.

Siende die onsekerheid, as gevolg van die ontwrigtende toestande ná die oorlog, oor wanneer 'n volgende sinode gehou sou kon word, het die kuratore in Februarie 1903 na ernstige oorweging tot die gevolgtrekking gekom het dat die Teologiese Skool na Middelburg, Kaap oorgeplaas moes word. Die drie algemene vergaderings van die kerk in die onderskeie state is gevolglik versoek om duidelike uitsprake te maak en en aan hulle 'n mandaat te gee om die saak te finaliseer. [89]

Die Middelburg-voorstel is tydens die kuratore vergadering in Februarie 1903 ondersteun deur kurator ds LP Vorster (predikant van Burgersdorp), wat sy plaas Grootfontein, ongeveer 800 morg groot, teen 'n baie billike prys as setelplaas vir die Teologiese Skool te koop aangebied het, terwyl professore Cachet en Snijman ook elk 'n lening van £500 sou toestaan. [90] Die gedagte was dat die Teologiese Skool deels uit die inkomste van die plaas gefinansier sou word. [91]

Hiermee was die bal aan die rol, maar ook die klip in die bos. Soos verwag kon word, het die Kaaplandse algemene vergadering sy steun aan die Middelburg voorstel toegesê, maar dié van die Vrystaat en Transvaal het koue water op die inisiatiewe gegooi en wou sien dat die saak sy uitgestippelde weg moes loop, nl. via die aangestelde sinodale kommissie. [92]

Middelburg se grondaanbod het intussen verval en Grootfontein sou later 'n bekende landboukollege word. [93] In Junie 1903 verras ds Ph C Snijman, predikant van Steynsburg wat pas tevore sy professoraat neergelê het, met 'n skriftelike voorlegging om die Teologiese Skool na Steynsburg te verplaas. Ds Dirk Postma, Rustenburg se predikant, meld dat 'n soortgelyke gedagte in sy dorp vaardig is. Die kuratore besef nou dat hulle nie die saak op eie houtjie kan deurdryf nie en nooi die sinodale kommissie van 1897 vir 'n samespreking. [94]

Intussen het die studente ook van hulle kant tot die debat toegetree. So vind ons dat WJ de Klerk, as voorsitter van die Studente Letterkundige Vereniging, reeds op 1 Augustus 1902 die woord voer oor die spesifieke tema. [95] Verwysende na sowel Snyman se vakante professoraat as na die druk gesprekvoering oor verplasing, meen die studentekoerant dat die skool "op losse schroeven" funksioneer. [96]

De Klerk tree sterk na vore as meningvormer deur in 'n byvoegsel tot *Het Kerkblad* die saak van die Teologiese Skool te promoveer. Daar moet verbetering kom; dit kan nie toegelaat word dat die Skool kwyn nie. Uitgaande van die logistieke vereistes vir vooruitgang, betwyfel hy of daar ruimte vir uitbreiding te Burgersdorp bestaan. [97]

By die opening van die skool in Februarie 1904 is die aandag weer gevestig op die ongunstige toestande te Burgersdorp. Wat losies betref, gaan dit maar beroerd - en die "duivenhokjes" is allermins vir die doel geskik. Daar's ook behoefte aan 'n ruim vergadersaal, 'n lokaal vir die timmermansvak en 'n ontspanningsterrein. Teen hierdie agtergrond, sê die redaksionele artikel, is verplasing na Steynsburg "hoogst noodzakelijk". [98]

Twee weke tevore al was daar die versugting: "De studenten wachten met spanning naar het oogenblik wanneer zal gezegd worden "voorwaarts! naar Steynsburg! O, wat zullen wij bijster van vreugde en geluk zijn." [99]

Daar is gevolglik "lang en ernstig gesproken", tydens die kuratore se vergadering saam met lede van die kommissie in Desember 1903. Die enigste voorstel ter tafel was dié van Steynsburg, behelsende 'n skenking van 32 erwe deur die munisipaliteit, 'n beloofde skenking deur 'n lidmaat van £1 000 vir 'n losieshuis en 'n gemeentelike bydrae van £400. Die algemene gevoel was dat daar te Burgersdorp nie voldoende grond en geleentheid vir uitbreiding was nie, terwyl die kommissielede vanuit Transvaal hul spyt te kenne gegee het dat, "wegens den verarmden toestand van de gemeenten aldaar", geen aanbod van waarde gedoen kon word nie. [100] Op sy beurt het die kommissie, wat sy werksaamhede voor die Desember vergadering met die kuratore afgesluit het, gerapporteer dat die beweging om die Teologiese Skool na die ZAR te verplaas, weens die "verarmde omstandigheden" in die ZAR doodgeloop het "en werd er geen plan meer geopperd, noch eenig aanbod gedaan".

Die kommissie het gevolglik geen noodsaaklikheid gevoel om hul oorspronklike opdrag uit te voer nie (nl. om reëlings te tref i.v.m. verplasing na die ZAR).



DE THEOLOGISCHE SCHOOL.

De toestand der School moet verbeterd worden. Dit erkent iedereen die de belangen der School op het hart draagt. Om dit te doen wordt veel gedacht, veel gesproken.

Plannen worden beraamd, waarvan sommigen zeker zullen slagen als zij uitgevoerd worden.

Ons doel is dan ook middelen aan de hand te geven teneinde onze School in een bloeiender toestand te brengen.

Om dit te doen staat allereerst vast dat er meer ruimte verschaft moet worden. Een schoollokaal moet daargesteld worden en eene ruimere kostinrichting. Om hierin te voorzien moeten gronden aangekocht worden. Of hiervoor eene gelegenheid te Burgersdorp bestaat, betwijfelen wij. Vandaar dat de wenschelijkheid van verplaatsing niet alleen druk besproken wordt, maar dat ook in die richting met alle kracht gewerkt wordt.

Over de verplaatsing zelve willen wij niet veel zeggen, omdat wij gevoelen dat er iets pijnlijks gelegen is in het breken met deze plaats, waar de School zoo lang stond. Er is iets smartelijks in het breken met de traditiën, maar de vraag is nu niet of het wel smartelijk is of niet. De vraag is of wij mogen toelaten dat de School kwijne en geene pogingen aanwenden zullen om haren toestand te verbeteren. Als die vraag gesteld wordt dan zal een ieder ons moeten toestemmen dat, als hier geene verbetering kan aangebracht worden, het dan onze plicht is om naar een andere plaats uit te zien, waar de School kan uitbreiden.

En nu komt de vraag: hoe gedaan om het getal studenten

1.4.12

***Willem de Klerk se pleidooi vir verplasing, in* Het Kerkblad 1.7.1903.**

Die verdere verwikkelinge het meegebring dat die kommissie dus die Steynsburgvoorstel ondersteun. [101]

Ds Ph C Snijman het tydens die vergadering sy kerk se voorstel persoonlik toegelig. Die kuratore en kommissie het vervolgens gesamentlik besluit om Steynsburg se aanbod vir aanvaarding by die sinode aan te beveel, met vermelding van die besonderhede van die aanbod. [102] Die aanbeveling sou ook ondersteun word deur die kerkraad van Steynsburg.

Op die oog af is die lank sloerende kwessie daarmee uit die wêreld gemaak.

Maar dan is dit weer sinode-tyd, middel-April 1904. Te Middelburg, Kaapprovinsie.

Die oomblik van waarheid het aangebreek wat betref die toekoms van die Teologiese Skool.

Die Steynsburg-voorstel, soos vervat in 'n beskrywingspunt van die kerkraad en breedvoeriger uitgespel in die verslag van die sinodale kommissie, kry onverwags opposisie. [103]

Enersyds is daar 'n kort maar emosiebelaaide briefie van Burgersdorp se kerkraad, met 'n ietwat verwytende toon dat geldaanbiedinge en nie die saak van die kerk nie, skynbaar die deurslag gee. Terselfdertyd, ter elfder ure, kom die kerkraad ook met 'n aanbod van 'n geskikte terrein [104] – wat tot dusver die Achilleshiel van hul saak was. Die desperate poging om hul saak te beredder het egter geen impak gehad nie en is nie eens in een van die voorstelle vervat nie.

Potchefstroom sou blyk die spreekwoordelike derde hond te wees wat met die been sou wegstap.

Onder leiding van hul jong predikant, dr JD du Toit, het die Potchefstroom-kerkraad aangebied om die Teologiese Skool te huisves – hul aanbod behelsende die ruim bedrag geld van £3 010, geborg deur vyf gemeentes, en 'n keuse uit drie aanbiedinge van grond.[105]

Insiggewend is die beloofde bydraes van die vyf gemeentes: Potchefstroom,"in sy nypende armoede"[106] bied £1 150 aan, Pretoria £1 000 en dan Rustenburg met £600, Heidelberg met £190 en Wolmaransstad met £70.

Interessant genoeg dra die Potchefstroom-voorstel die datum 15 April en is dit dus eers in die loop van die dag waarop die besprekings 'n aanvang geneem het, geformuleer. Ds Du Toit en Potchefstroom se toetrede tot die stryd was darem nie heeltemal uit die bloute nie.

Reeds in Januarie 1904 het die pas bevestigde jong Potchefstroomse predikant na die sinodale kommissie se bevindinge verwys en dit met 'n duidelike verklaring van voorneme opgevolg: "Hoewel, wegens plaatselijke omstandigheden wat achteraan komende, is ook deze gemeente van plan der Synode een aanbod te doen, omdat zij Potchefstroom als een der geschikste plaatsen beschouwdt voor eene inrichting als onze Theol. School." Vir die doel, voeg hy by, word bydraelyste gesirkuleer – en is reeds vanaf Buffeldoorns, die plaas van wyle broeder P Schutte waar vader Postma die eerste keer in Suid-Afrika gepreek het, die bedrag van £355 belowe. [107]

Maar dis nie al nie. Die later bekende digter het ook al middel-Januarie die lof en deugde van die toekomstige studentestad in die kerkmondstuk besing. **(Kyk insetsel)**

In sy eensame, selfopgelegde ballingskap daar ver in Europa, het die afgeleefde president Kruger steeds belangstelling in die opleidingskool van sy kerkgenootskap getoon. Hy het kennis geneem van die planne om die Skool na Potchefstroom te verskuif. Waar hy vantevore, vóór die oorlog, dalk nog anders gedink het, gaan hy nou nie daarmee akkoord nie: daar is syns insiens geen toekomsverwagtinge in die verwoeste staat nie en daar sou te veel steun in Kaapland ingeboet word. As daar dan wel geskuif moet word, is sy gevoel dat dit na Steynsburg moet wees.

Maar sy stem was dof en veraf, sy rol uitgespeel. Daar is waarskynlik nie eens kennis geneem nie van sy siening, wat in 'n privaat brief vervat is. [108]

Terug dan, na die sinodesaal, dáár in Middelburg.

Bespreking van die verplasingkwessie het sowel die oggend- as die middagsessie op Vrydag en die hele oggendsessie op Saterdag 16 April in beslag geneem. Ongelukkig is geen besonderhede oor die trant van die besprekinge genotuleer nie en moet aanvaar word dat die voorafberedenering en argumente grootliks ook weer hier aan die orde was. Prof Ferdinand Postma trek darem die sluier so effens weg oor die atmosfeer wat geheers het: "Ondergetekende, toe reeds aan die Skool verbind, het die gedagte [verskuiwing na Potchefstroom] hartlik ondersteun ook op die Sinode. Vurige toesprake is op die Sinode gelewer: dit het oor die welsyn van die Skool gegaan en daarom is daar aan albei kante ernstige pleidooie gelewer." [109]

Saterdagmiddag word tot stemming oorgegaan. Eers word 'n beginselvoorstel tot verplasing met 'n groot meerderheid aanvaar. Hierna word met "besliste meerderheid" besluit: "De school worde naar Potchefstroom verplaast." [110]

Er is o zooveel dat het leven in deze stad veraangenaamt: het zachte klimaat; het kristal-heldere water van Mooirivier, dat langs breede straten stroomend, de vruchtbare teelaarde der ruim uitgemeten erven besproeit; de schoone villa's; de prachtige bloem- en groentetuinen; het park met zijn kweekerijen, zijn arena, bicycle-tract en paviljoen; de uitgestrekte gronden van het Landbouw Genootschap, doorkruist met dennen en andere lanen; in de hoofdstraat winkel aan winkel, op den nieuwsten stijl ingericht, enz. Inderdaad een stad van de toekomst, die haar ontstaan niet dankt aan speculatie met gond-aandeelen, maar aan een vruchtbaren bodem en een mooie rivier; die weldra een centrum van verkeer wordt wanneer de spoorlijnen naar Kroonstad en Veertien-Stroomen verlengd zijn; die reeds gronden heeft afgestaan en £8000 geteekend voor een Hoogeschool.

In deze stad, op het ruime, aan de hoofdstraat gelegen Kerplein der Gereformeerden, naast het schoone kerkgebouw, zouden wij zoo gaarne zien verrijzen een even schoon gebouw voor onze Theol. School.

Dit echter kost geld. Daarom heeft de kerkeraad besloten lijsten te laten teekenen, ten einde de verplaatsing naar Potchefstroom te bevorderen.

1.4.13

***Totius, in* Het Kerkblad 1.7.1903.**

In sy oorsig oor die sinodehandelinge sê praeses Petrus Postma dat die verplasing beskou is "als dienende tot opbouwing der school en tot heil en uitbreiding der Kerk". Daar was "zeer ernstige discussien" maar nadat die meerderheidsbesluit geval het, is 'n algemene instemming bemerk, dat voortaan eenparig en kragtig saamgewerk sou word ter uitvoering daarvan. [111]

Daar kan weinig twyfel bestaan dat die jong en dinamiese dr JD du Toit die besieling en dryfkrag was agter die sukses van die Potchefstroomse aanbod. Sy gepubliseerde lofprysinge oor Potchefstroom en die uitwys van die dorp as toekomstige akademiestad in *Het Kerkblad* - wat ongetwyfeld veel sterker gestel is tydens die besprekinge in die sinode - moes beslis 'n impak op die besluitnemers gehad het.

Vir die op en wakker ds Ph C Snyman, wat hom hart en



1.4.14

Paul Kruger …. "Sy stem was dof en veraf, sy rol uitgespeel".

siel beywer het om die Teologiese Skool te Steynsburg te vestig en, wie weet, moontlik selfs sy pos as literariese professor (1898-1903) pas tevore prysgegee het juis om die ideaal te verwesenlik, moes die besluit 'n groot teleurstelling gewees het. Hy beywer hom egter steeds vir en word bestempel as "die siel" van Christelike en nasionale onderwys ter plaatse. Die £1 000-skenking wat vir die oorplasing na Steynsburg gedoen is, is benut om in 1905 'n CNO-skool op te rig, wat as voedingsbron vir die Teologiese Skool sou dien en in 1913 tot 'n Normaal Skool vir die opleiding van onderwysers ontwikkel. [112]

Ds Petrus Postma, wat as Pretoria se predikant vanaf 1882 tot 1904 ten nouste gemoeid was met die strewe om die Teologiese Skool soontoe te verplaas, het volgens latere eie erkenning sy steun aan Du Toit en Potchefstroom toegesê. "Aan Pretoria werd nu niet gedacht als vroeger", skryf hy in 1909, "want in de omstandigheden destijds waren we te arm daarvoor". Die motief met die verplasing na Transvaal was eintlik "om hier een krachtig bolwerk voor het bestand van taal en volk te vormen", te midde van die na-oorlogse verwoesting en die verengelsing in die onderwys. [113]

Die sinodale kommissie en veral voorsitter Petrus Postma word deur onder meer kerkhistorikus JP Jooste verkwalik dat hulle van die Potchefstroom inisiatief bewus moes gewees en dit in hul verslag verreken het. Skynbaar het die kommissie sy werk as afgehandel beskou ná die vergadering met die kuratore, in Desember 1903 – al is die verslag eers ten tye van die sinode gefinaliseer. As swaer van Du Toit maar veral as predikant van Pretoria, wat ook dr Du Toit se kollektelys ontvang het, het hy beslis van die Potchefstroom-plan kennis gedra en voor sy aanvaarding van 'n beroep na Zeerust, nog bemiddel dat sy gemeente £1 000 sou bydra. [114] Ook moet in gedagte gehou word dat dr Du Toit in sy Januarie-aankondiging duidelik uitgespel het dat hulle voorstel direk tot die sinode gerig sou word. Met die kommissie se taak toe reeds afgehandel, het Postma hom waarskynlik vry gevoel om, buite die kommissie om, sy swaer se inisiatief heelhartig te ondersteun.

Deur die stewige bydrae van £600 van die Rustenburg-gemeente, met ds Dirk Postma as predikant, is nog 'n hoofstuk geskryf in die Postma-sage: Petrus en Dirk, seuns van kerkvader en skoolstigter Dirk, kleinseun Ferdinand en skoonseun dr JD du Toit was almal ten nouste gemoeid met die historiese besluit om die Teologiese Skool van Burgersdorp na Potchefstroom te verplaas. Van die houding van eertydse literariese professore en nou dienende predikante Marthinus ('n derde broer) en Dirk (jnr.), seun van Marthinus en broer van Ferdinand, is ongelukkig niks bekend nie.

Die kuratore het van die sinode opdrag ontvang om



1.4.15

Ds PhC Snijman ... besluit 'n groot teleurstelling.



1.4.16

Teologiese Skool 1904. Voor: DJ du Plessis, JJA Coetzee, P Coetzee, S Vorster, JH Kruger, RS Postma. Middel: JH Boneschans, HJR du Plessis, prof F Postma, prof J Lion Cachet, prof D Postma, JH Kruger, TN Venter, Agter: HJJ van der Walt, JC van der Walt, BJM Kruger, HPJ Pasch, JP van der Walt, DP du Plessis, BR Grobler, PW Bingle.

die besluit tot oorplasing ten uitvoer te bring. Op 'n beplanningsvergadering wat vanaf 27 Junie 1904 te Potchefstroom gehou is, het die geringe mate van verset teen verplasing 'n laaste stuiptrekking beleef. Die gryse rektor, prof Cachet, het naamlik die kuratore per brief gevra of, gedagtig aan sy gevorderde leeftyd, die teologiese departement nie maar op Burgersdorp kon agterbly nie. Die kuratore se antwoord was negatief, daar hulle gebind was deur die besluit van die sinode. [115] Ironies genoeg, was dit Cachet wat heel eerste – reeds in 1891 – die gedagte aan verskuiwing, maar na Pretoria, geopper het.

Gesien die atmosfeer waarin die verplasingsdebat plaasgevind het en veral sekere sentimente wat na vore gekom het, was Cachet se versoek dalk nie heeltemal so vergesog nie: slegs twee van die sestien studente aan die skool was op dié stadium met hul teologiese studies besig. Hierdie syfer dui ook op die onteenseglike statuur wat die Literariese Departement met sy twee professore besig was om te verkry.

Cachet, wat baie teësinnig was om sy ankers uit Burgersdorp te lig, het darem 'n toegif gekry: by die beplanning van die rektorswoning op Potchefstroom sou die argitek hom ook raadpleeg. Sodoende kon hy toesien dat sy nuwe woning op Potchefstroom feitlik 'n replika was van sy Burgersdorpse tuiste.[116]

Met 'n laaste werksopgawe deur die twee literariese professore en 'n seënbede aan hul rektor, "vooral met 't oog op de aanstaande verplaatsing der School naar Potchefstroom", [117] het die gordyn finaal gesak oor Burgersdorp as tuiste van die Teologiese Skool en as potensiële toekomstige universiteitstad.

Die kerkraad en gemeente van Burgersdorp asook die susters (met 'n spesiale "converzasione" oftewel konsert) en die kuratore het plegtig afskeid geneem van Burgersdorp en sy mense. Ook die kritiese Engelsgesinde *Albert Times* het hulde gebring aan Cachet en na hom verwys as 'n "remarkable man … even to the verge of genius". Maar 'n laaste paar houe is

darem ingekry: hoewel van Hollandse afkoms, is Cachet "Africander of the Africanders in the most anti-British sense of the words" en word die hoop uitgespreek dat die reeds bejaarde Cachet hom nou sou versoen met onherroeplike veranderings en sy onbereikbare aspirasies sou begrawe. Die invloedryke Kaapstadse blad, *De Zuid-Afrikaan*, het verwys na die besondere invloed wat die Teologiese Skool in die Kaapkolonie uitgeoefen het en hulde gebring aan Cachet vir sy rol en impak op die kerklike, opvoedkundige en maatskaplike lewe aldaar. [118]